# 15 Junie 2023 - Lesing 49 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die Geestelike missie van JaHshua **–** 5/12/57

**NO: 6985** Waarom daar onophoudelik van die Goddelike Verlosser melding gemaak moet word, sal ook vir julle verstaanbaar word wanneer julle die hoë geestelike missie van JaHshua sal insien. **Want eers wanneer die mens vrygeraak het van sy oerskuld**, is ‘n opklim na die verligte hoogtes vir hom verseker.

Die mense het geen kennis van hierdie oerskuld nie en daarom weet hulle ook nie wat die verlossingswerk beteken nie. Hulle kan geen verband vind tussen die kruisdood van die mens JaHshua, aan Wie hulle miskien nog glo, en die saligwording van die mense nie. En daarom wys soveel mense Hom af, omdat die verlossingswerk slegs verkondig word, **maar nie met beredenering omklee word nie.**

En wederom kan so ‘n motivering slegs aan diegene gegee word wat na opheldering verlang. En dit sal altyd maar weinig wees. Want ook die duidelikste verklarings sal onbegryplik vir die mense wees wat geen insig in die geestelike ryk het nie, wat slegs die aardse wêreld as realiteit aanneem sowel as alles wat vir hulle sigbaar en bewysbaar is.

Die missie van die mens JaHshua was egter **nie slegs ‘n aardse aangeleentheid nie,** ofskoon dit homself duidelik voor die mense afgespeel het. Die missie van JaHshua het ‘n dieper geestelike rede. En solank die mense niks daarvan weet nie, staan hulle ook nog nie teenoor die Verlosser JaHshua die Messias as skuldbelaaide broeders nie, **wie hulle skuld aan Hom gee om te dra en tot Hom die versoek rig om dit tot niet te maak.**

En tog moet hulle versoek dit voorafgaan, indien hulle verlossing wil vind. Daarom moet hulle op hoogte wees van hulle sondeskuld, van die groot misdryf teen God wat hulle laat sondig het en wat nie anders as deur die groot soenoffer van die mens JaHshua gedelg kon word nie.

En solank die mense geen skuldgevoel het nie, gaan hulle ook nie die weg tot Hom, die weg na die kruis, met hulle skuld nie. En solank erken hulle ook nie die Goddelike Verlosser nie. Eers die kennis van hulle oerbegin, van hulle vroeëre gesteldheid, hulle weerstand teen God, hulle oersonde, gee hulle ook insig in die daad van verlossing deur JaHshua, wat as mens so geleef het **dat Hy God Self in Hom kon opneem.** En die verlossingswerk was nou volbring deur die Ewige Liefde, Wie Haar skepsele uit die kettings van die teenstander wou bevry.

So 'n motivering van die missie van JaHshua sal vir die mense geloofwaardiger wees, as wanneer daar slegs van sonde gepraat word wat tydens die aardse lewe begaan word en wat vir die mense dikwels veel geringer lyk as dat so 'n werk van versoening daarvoor nodig was om hierdie sonde tot niet te maak.

Elke sonde is weliswaar ‘n oortreding teen die Liefde en sodoende ‘n oortreding teen God, maar die oersonde van die vroeëre afval van God **was so groot, dat die wese dit self nie kon versoen nie, al sou hy ewighede hiermee gemoeid wees.**

Dit is vir julle mense moeilik om te begryp. Maar so 'n ontsaglike sonde vereis ook ‘n baie groot versoening. Dit is wel deur een mens volbring, maar Hy kon dit slegs volbring omdat hierdie mens God in Homself gedra het, dus het die krag uit God Hom daartoe in staat gestel, die Liefde, die Oerwese van God.

Die mense het as oorspronklik geskape wesens hierdie liefdeskrag van God afgewys en was dus sonder krag. **Die mens JaHshua het egter bewustelik ‘n beroep op hierdie liefdeskrag van God gedoen en het Haar gebruik vir ‘n werk van barmhartigheid vir Sy gevalle broeders om hulle skuld te versoen.**

Maar die mense weet ook nie dat hulle bestaan as mens op aarde die gevolg is van die oerskuld nie. Dat hulle die oorspronklike toestand wel weer sal kan bereik, maar nooit sonder die erkenning van Hom Wie hierdie skuld uit oorgrote liefde uitgewis het nie. Want hulle afval van God was ‘n bewustelike “hulself van Hom afgewend”, **wat ook weer ‘n bewustelike “hulself tot Hom moet wend”** vereis om weer in die oorspronklike verhouding met God te kan binnegaan.

Wanneer hierdie kennis aan die mense gegee word, is dit ‘n besondere genade wat elkeen moet benut in soverre, dat hy homself in sy gedagtes net daarmee besig moet hou en dit dan as waar sou moet aanneem wat hom verkondig word.

Hy hoef homself dan maar slegs tot die mens JaHshua te wend en met Hom spreek. En Hy sal hom dan as God antwoord gee. **Hy sal die mens help om tot die ware besef van sy skuld te kom en Hy sal die skuld van hom wegneem, indien hy berou daaroor sal hê en Hom om hulp vra.**

En elke mens kan persoonlik tot die insig kom dat hy eens moes gesondig het, sodra hy daaroor nadink dat hy ‘n onvolmaakte, swak en onwetende wese is en die oorsaak daarvan probeer deurgrond. Want nie een van sulke innerlike vrae sal onbeantwoord bly nie. Maar dit moet eers gestel word, wat die meeste mense egter agterweë laat. Maar gewetenloos wys hulle elke verwysing na die Goddelike Verlosser af, wanneer hulle opmerksaam gemaak word op Hom en Sy groot geestelike missie.

En van God se kant af sal steeds weer die Goddelike Verlosser JaHshua die Messias vir die mense verkondig word en al Sy dienare, wat op aarde vir Hom werksaam is, sal met steeds groter ywer Sy Naam en Sy evangelie predik, sodat almal wat daarna luister, vry kan word van hulle groot skuld **en self ‘n innige verbinding met JaHshua die Messias aangaan** in Wie God Self mens geword het om te verlos wat gebonde was deur Sy teenstander. Amein.